

Ark Blitz



Les 29 – PASOP VIR DIE SLANGE

Maats lees Numeri 21:4-9; Deut 8:15-18; 2 Konings 18:4; Johannes 3:12-17

Onthou julle nog hoe bly die Israëliete was toe die Here in die woestyn vir hulle kos gegee het? Watter soort kos was dit nou weer? Ja, manna en kwartels. Ons kan nogal verstaan dat hulle moeg geword het vir hierdie kos. Dit was dan elke dag dieselfde. Partykeer raak ons ook moeg vir 'n sekere soort kos. Dan kla ons oor iets wat aan die begin vir ons lekker was. Maar omdat die Israëliete al weer gekla het, het die Here hulle gestraf. Hy het giftige slange gestuur wat die mense gepik en laat doodgaan het. Hulle het dadelik bely dat hulle verkeerd was en die Here gevra om hulle te vergewe en te help. Wanneer sulke groot krisisse oor ons pad kom, is dit maklik om na die Here toe terug te gaan. Maar die Here het sy volk weer gehelp. Hy het vir hulle 'n teken van 'n slang op 'n paal gegee. Die volk moes leer om te doen wat die Here sê. Wanneer hulle na Hom geluister het, het dit met hulle goed gegaan. Met al die teëspoed op hulle pad, wou die Here keer dat sy volk hoogmoedig raak en dink hulle het Hom nie meer nodig nie. As hulle later die nuwe land sou besit en ryk sou word, wou Hy nie hê hulle moes dink: "My krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf" nie. Omdat die Israëliete gesond geword het wanneer hulle na die koperslang opgekyk het, het hulle later gedink dit is soos toorkuns – die koperslang help hulle, nie die Here nie. Toe begin hulle die koperslang soos 'n afgod te aanbid. Baie jare later, toe hulle al lank in die land Kanaän was en allerhande afgode begin aanbid het, het een van die goeie konings, sy naam was Hiskia, alles wat op die hoogtes was en wat die volk in hulle afgodediens aanbid het, laat stukkend gekap. Ons leer uit die volk Israel se geskiedenis en veral hierdie verhaal van die koperslang dat daar nie towerkrag in gewone dinge is nie. Die Here is die Een wat ons help. Maar ... dit is nog nie die einde van wat ons uit die verhaal van die koperslang kan leer nie. Toe die Here Jesus aarde toe gekom het, het die apostel Johannes weer iets oor die koperslang geskryf. Een nag het 'n geleerde man na Jesus toe gekom. Hierdie man het alles wat in die Skrif opgeskryf is, bestudeer en hy het vir Jesus baie vrae gevra. Jesus het toe met hom oor die ewige lewe gepraat. Die Bybel noem soms vir Jesus "die Seun van die mens" omdat Hy uit 'n vrou gebore is, al is Hy die Seun van God. Jesus het daarom hier oor Homself gepraat. Hy het gesê Hy moet op 'n paal verhoog word sodat almal wat in Hom glo, gered kan word. Hy het Homself vergelyk met die slang wat Moses in die woestyn op die paal moes sit. Wanneer ons kyk na die kruise wat mense om hulle nek dra, op klipkoppies neersit of in hulle huis ophang, wonder ons of hulle regtig verby die kruise na die Here self kyk. Dit is nie die kruise wat ons red nie; dit is die Here wat aan die kruise gehang het wat ons red. Kruise en ander simbole herinner ons aan die Here, ons Verlosser. As jy wil, kan jy 'n mooi kruise maak en in jou kamer of in die huis opsit. Elke keer dat jy na die kruise kyk, kan jy aan jou Redder, Jesus, dink. Onthou net, ons mag nie die kruise aanbid nie. Ons aanbid die lewende Here wat nié meer aan die kruise is nie. Dalk moet ons meer gereeld vir mekaar sê ons lewende Here is sterker as alle slegte magte en kragte. Partykeer dink mense daar is towerkrag in iets soos 'n masker, 'n beeldjie of 'n teken op 'n kledingstuk. Ons kan egter weet: Ons Redder is sterker as enige mag en krag. Wanneer maskers of beeldjies of tekens ons aan slegte magte of kragte laat dink of ons bang maak, kan ons dit vernietig sodat ons nie meer aan daardie slegte dinge sal dink nie. Mag ons dan 'n gelukbringer hê? Geluk kom nie uit iets wat dood is nie. 'n Gelukbringer kan 'n span help om saam te staan of te laat voel hulle is 'n eenheid. Daar is nie towerkrag in 'n gelukbringer nie. Jesus is die Een wat vir ons ware geluk gee.

